meer om in die lugskip te sit nie. Hij gaan verskriklik hoog. Jij kan hom amper nie meer sien nie. Sê nou, van sij masjienerie breek! Ai, maar as ek daaraan dink, dat hij dan sommer so naar ondertoe sou val en aan flenters sou breek, dan skrik ek mij al amper dood. Nee, Jaap, ek sal nie met 'n lugskip van Kwaggafontein naar Bloemfontein gaan nie!

"Maar kijk die trein stop. Ek glo, ons is al daar nè?"

Meteens kijk Annie uit die venster en ja, daar staan Pa en Mà al op die platform en hulle sien Annie ook en hardloop naar die kant, waar die trein sal stilhou.

## LES 27.

## VASGEKEER.

### I.

NET toe die trein stilhou, is Pa bij hulle kompartement en roep: "Dag kinders, dag Gert! Almaal nog gesond? Kom klim af! Gert sal vir mij die pakkies aangee." Ma is ook al daar, en wip, spring Jaap somaar van die hoë trein af in Ma haar arms, en soen haar en kan niks sê van blijdskap, dat hij sij Ma weer terug sien nie.

Annie volg en ook sij soen haar Ma en haar Ma soen haar. Al hul goed is uit die trein en

nou gaan hulle naar die kar, wat buitekant staan. Dit duur nie lank nie of almaal sit. Ma, Annie en Jaap sit agterin, Gert sit naas Pa. "En nou moet ons gouw rij," sê Pa, "want die weer lijk net dik. Ons gaan reën krij en dis baie nodig, maar ons moet deur die spruite voor hulle vol word en ons altemit vaskeer."

Daar gaan hulle. Nou is daar net twee klein spruitjies, waar hulle deur moet. Klein ou spruitjies, baie onskuldig, as jij hulle in die droë tijd moet deurgaan. Maar pasop, as jij daar kom, wanneer daar baie reën geval het. Dan is hulle soos groot riviere. Dan stroom hulle met groot krag. En dis juis, waar Pa voor bang is. Daarom laat Pa die twee flukse perde maar wegdrawwe.

Gert moet elke keer afklim om die hekke oop te maak. Dis vir hom groot pret, maar dit is partijkeer 'n bietjie moeilik, eer hij kan verstaan, hoe hulle vasgemaak is. Maar gouwgouw krij hij dit tog reg en dan vat dit net maar 'n oomblikkie, om dit oop en toe te maak. Nou is hulle weer bij 'n hek. En net toe Gert dit oop maak, sien hulle 'n jong met 'n ossewa van die kant afkom, waar hulle naar toe rij. Hij swaai met sij hoed heen en weer en Pa dink, dis omdat hij wil sê: "Baas, laat Baas die hek tog oopblij, want ek moet netnou deur." "Gert,"

sê Pa daarom, " laat staan die hek. Die jong moet nog deur." Maar toe hulle bij die wa kom, skreeuw die jong : " Baas moet rij ! Die spruit kom af, baie vinnig ! "

Piets ! slaan Pa die sweep oor die perde en hulle spring vorentoe, dat die kar kraak, en Annie en Jaap agteroor val in die kar. Alle wereld ! maar hulle rij ! Nou skok die kar aan die een kant, dan weer aan die ander kant. Hulle word deur mekaar geskud nes melk wat gekarn word. Daar lê die spruit voor hulle. Nee, hij is nog droog. En nou ja Pa deur die drif op 'n manier, wat Gert bang laat word. Nee kijk, die plaaslewe lijk vir hom tog anders as die lewe op die dorp. Hierdie goed soos spruite wat afkom, het hij nog nooit van gehoor nie.

## LES 28.

## VASGEKEER.

### II.

GELUKKIG is hulle deur, en nou sê Ma : " Pa sal ons 'n oomblikkie stilhou en afklim ? Gert het nog nooit 'n spruit gesien afkom nie. Dit gebeur ook maar selde, dat 'n mens dit kan sien."

"Ja goed, sê Pa. Maar net 'n oomblikkie, want ons moet nog deur 'n ander spruit ook."

Daar staan hulle bij die spruit. Aan die oorkant sien hulle 'n Kaffermeid hardloop en waai en wink met haar arms. Wat dit beteken, weet hulle nie. Dit lijk of sij naar ander meide roep. Hulle kijk ander kant toe en ja, daar is partij meide besig met wasgoed in die spruit.

GERT. "Oom, wat roep daar die meid so? Kan Oom dit verstaan?"

Pa luister mooi en sê: "Metsie kai tlama!" dit beteken, "daar kom die water!" Sij waarskuw die ander meide, dat hulle moet padgee. Kom ons gaan op die kant staan, dan kan ons die water sien kom. Hulle was skaars daar, toe sien Gert tot sij groot verbasing, hoe die water soos 'n wal aankom. Daar voor is alles nog stil en amper nog droog en dan opeens kom die muur van water en dit bruis en kook en storm op 'n vreeslike manier. Net 'n paar minute en die hele spruit is kant en wal vol, en onpassabel vir mens en dier.

GERT. "Wat is dit Oom, wat daar in die water drijwe? Dit lijk soos 'n bees."

OOM. "Nee, dis 'n gareboom, wat mee drijf. Kijk, hoe draai dit nes 'n tolletjie rond. Kijk, hoe gouw gaan dit nè? Sommer

so sjieps en dit is al weer verbij. Kom kinders, kom Ma! ons moet rij!"

JAAP. "Pa, laat ons net kijk, of die meide die gevaar gesien het."

Hulle kijk naar die ander kant en ja, daar



sien hulle die meide met die wasgoed op die wal. Hulle is gelukkig ook veilig.

Nou klim hulle weer op en weg rij hulle weer. Die lug word al swarter en donkerder. In die verte sien hulle al 'n paar keer die blitse deur die lug skiet. Oom ja die perde aan om bij die ander spruit te kom. Ma voel ook net onrustig.

MA. "Dit sal darem snaaks wees, as die

ander spruit ook vol is. Hoe sal ons dan maak ? ”

PA. “ Nee, ek kan nog nie glo, dat Koolspruit onpassabel sal wees nie. Hij is maar ’n kort spruitjie. Die water kom nie sodanig ver nie. Ek dink ons sal nog kan deurkom.”

MA. “ Maar sê nou, hij is vol. Hoe maak ons dan ? ”

PA. “ Dan is ons vasgekeer. Hierdie spruit wat agter ons lê, is vol. Koolspruit is die enigste nog, waar ons moet deur. Daar is geen brug nie. Ons sal moet drie of vier uur omrij. En die weer lijk maar donker. Altemit is dit soontoe uit so nat, dat ons daar ook nie meer sal kan deurkom nie. Ons sal maar moed hou. Ons is netnou daar.”

MA. “ Kijk daar is ’n kar, wat nou deur gekom het. Nee, dan is ons veilig, want ons is digte bij.”

PA. “ Ja, ons sal maar rij.”

Daar gaan die kar die afdraend al af. Die perde draf net fluks. Eindelik is hulle bij die spruit, maar daar is al water in. Pa rij op ’n stappie tot vlak bij die water. Die spruit loop al net baie sterk en groei ook net vinnig ! Hij stop . . . en gelukkig. Net ’n minuut later, en hulle sou in die water gewees het, en as die Here dit nie verhoed het nie, dan sou hulle

almaal misskien verdrink het. Die water was te sterk.

## LES 29.

## VASGEKEER.

### III.

TOE hulle afklim en nog naar die water kijk, hoe dit rijs en rijs en altijd maar hoër rijs, en hoe dit branders maak of dit 'n see is, toe kijk Pa naar Ma en sê: "Sien Ma, die paar minute, wat ons bij Erasmusspruit versuim het, het gemaak dat ons nou vasgekeer is. As ons aangerij het, sou ons deur gewees hêt."

Ma kijk net baie ernstig en sê vir Pa: "Nee, mij liewe man! As ons deurgerij het, sou ons altemit net in die middel van die spruit gewees het, toe die water afgekom het. Dis die Here wat vir ons gesorg het."

PA. "Ja Ma, ons is uit 'n groot gevaar gered."

Almaal blij 'n oomblik stil en dink aan die wonderlike bestiering van God.

Toen sê Pa: "Nou rij ons maar naar meneer Du Plooi, wat hier nabij woon. Ons kan daar uitspan en hoor wat hij sê. Hij ken die spruit beter as ons."

So klim hulle weer op en rij naar meneer

Du Plooi toe. Hij self is nie thuis nie, maar sij vrouw sê, dat hulle maar moet afkom en uitspan.

PA. "Hoe lank dink niggie, dat ons sal moet wag?"

MEVR. DU PLOOI. "Nee, ek kan nie sê nie, maar dit sal seker tot vanaand duur. Daarom moet Oom en Tante nou maar hier blij en eet. As mij man thuis kom vanmiddag sal hij beter kan sê." Die kinders vra of hulle naar die spruit mag gaan en kijk. Mevrouw Du Plooi sê, sij sal haar Hotnotjong saam stuur, dan is dit veilig genoeg. Hij ken die spruit net so goed as sij baas en hij weet ook goed, wanneer mens weer deur die drif kan rij.

So gaan Annie en Jaap en Gert met Dawid naar die spruit. Daar sit hulle bij die kant in die gras en kijk hoe die water spat en golf. Dawid sit 'n groot klip in die water en kijk en nou sê hij vir Gert: "Nou moet Kleinbaas kijk. Ons kan nou sien, of die water nog groei of sak."

Almaal sit bij mekaar en kijk en ja, die water klim al hoër. Die stukkie klip, wat bo die water uitsteek, word al kleiner.

GERT. "Maar is dit nou so baie gevaarlik? Die water is tog nie al te diep nie? 'n Mens kan daar tog maklik deur loop, dink ek."

DAWID. "Kleinbaas moenie so praat nie. Die water is diep. Die water sal oor Kleinbaas se kop wees. En die stroom is baie sterk. Hij sal alles saam vat: perde, beeste en enige ding. As Kleinbaas mooi luister, sal Dawid iets van hierdie spruit vertel, wat rêrig gebeur het, toe Dawid nog klein was soos Kleinbaas."

## LES 30.

## DAWID VERTEL.

DAWID sit nog altijd met sij oë naar die klip gerig. Annie, Jaap en Gert sit vlak bij hom en kijk hom aan in afwagting van die storie, wat Dawid sal vertel.

Die water bruis nog altijd oor die klippers, klein puntjies klip steek nog op enkele plekke bo die water uit.

Takke van bome word deur die water meegevoer. Die kleur van die water is vaal van die grond, wat deur die water van die land afgespoel is.

Dawid begin:

"Toe Baas Du Plooi hier gekom het, het hij 'n Boesman bij hom gehad, wat met hom saam gekom het. Daardie Boesman het altijd hier op die plaas geblij tot hij dood is. Ek het hom baie goed geken. Hij was, soos hulle


almaal is, baie klein en baie skelm. Partijkeer gaan hij ver in die veld en dan sien jij hom die heel dag nie meer terug kom nie. Die skape blij dan maar die heel dag alleen in die veld en altemit dwaal hulle nog weg. Dan moet hij hulle weer die ander dag gaan soek. Maar swem! Hij kon beter geswem het as 'n vis! Aldag boer hij in die dam.

"Die Baas het ook groot veld oorkant die spruit en daar wei die skape. In die more gaan Boesman met hulle weg en die aand kom hij weer met hulle terug. In daardie dae was die plaas nog nie toegekamp nie.

"Daarom moes die skape elke aand huistoe kom, anders loop hulle snags weg, of anders vang die jakhals hulle.

"As die Boesman nou in die aand terugkom en die spruit is vol? Nou ja, dis niks nie! Hij ja die skape bij mekaar en wag tot hulle gaan lê. Woerts! spring hij in die water en swem! Ai, hij kon swem! As Dawid so moes swem, dan sou hij nooit die paal gehaal het nie. Boesman swem en swem . . . en kom deur. Dan lag hij en gaan naar die waenhuis en trek daar droë klere aan. As hij dan die Baas sien, sê hij: 'Die skaap hij isse anderkant, mij Baas! Boesman, is hier! Die spruit isse vol! Boesman kom deur!'

" 'Ja, Boesman,' sê die Baas, 'jij sal nog eendag ongeluk krij. Die water sal jou saamvat! En dan kom jij nie weer nie!' Boesman lag en sê: 'Boesman isse sterk, mij Baas! Boesman isse sterker as die water. Ekke isse soos die vis! mij Baas, ekke watte Boesman isse!'



"Op laas het die Baas niks meer vir hom gesê nie. Dis verniet om met Boesman te praat. Elke keer as die spruit vol is, kom hij deur. En hij lag dan so lekker en sê vir mij: 'Water sal Boesman nie keer nie.'

"Een aand was die spruit weer so vol soos vanaand. Die water loop en dit skuim! Dit

lijk soos 'n trop springbokke, wat loop en pronk. Ek wat Dawid is het bij die kant gesit, net soos ek nou sit. Daardie klip oorkant die spruit het net so uitgesteek soos hij nou uitsteek. Garebome het in die water afgedrijwe. Oorkant kom die skape. Boesman is daar bij. Boesman drijf hulle mooi bijmekaar. Die skape gaan lê. Boesman gaan naar die kant van die wal. Hij steek sij hand op om vir mij te wijs, hoe hij inspring. Pardoems! spring Boesman in die water. Dawid kijk maar sien hom nie. Boesman kom nie uit nie en Boesman kom nooit weer bo nie. Die spruit was daardie keer te sterk vir Boesman."

'n Oomblikkie blij Dawid stil, en toe sê hij: "Die water sak. Die klip word groter. Kom ons gaan sê vir die Baas."

Dawid staan op en die kinders volg. Nog 'n keer kijk hulle naar die plek, waar Boesman ingespring het, en met skrik dink hulle weer daar aan, hoe hulle ook amper in die water gewees het.

## LES 31.

## EINDELIK DEUR.

Toe Pa en Ma hoor, dat die water sak, kom almaal spruit toe om te sien en ja, dit is so. Die water sak vinnig. Dawid sê, nou sal hulle

oor 'n uur kan deur kom, as die Baas vir hom laat rij. Hij weet net hoe om te rij. Jaap en Annie kijk met angstige oë, want hulle dink nog aan die Boesman, maar hulle durf niks sê nie. Pa laat in die tussentijd inspan, en toe hulle eindelik weer bij die spruit kom sê Dawid: "Die perde sal Dawid oorbring, want Baas weet nie reg hoe om te rij nie. Die Baas en die Nooi en die kinders moet met die ossewa van Baas Du Plooi deurgaan. Die kar kan agter die wa vasgemaak word."

So het hulle gemaak.

Die osse word in die wa gespan en die kar word agter die wa vasgemaak, en toe dit klaar is, moet hulle opklim. Ma, wat die storie van Boesman nie gehoor het nie, is nie bang nie. Maar Annie, Jaap en Gert! hulle kijk met groot oë naar die water en toe hulle sit, houvas Jaap sij Ma met albei sij hande. Klap! gaan die sweep en die osse trek. Gouw-gouw is hulle bij die spruit. Die voorosse is al in. Die water is darem nog diep. Hulle raak tot bij hulle skowwe in die water weg. Dawid klap, klap en skreeuw! almaal kijk naar die osse wat beur in die water. Maar Dawid is darem 'n goeie jong! Hij drijf hulle mooi deur. En hoe angstig die kinders ook gevoel het, hulle kom tog gelukkig veilig aan die oorkant.

Toe hulle almaal afgeklim het, draai Dawid weer om, want hij moet weer terug met die wa en moet ook die perde nog deurbring.

Wel dit het alles reggekom, maar terwijl Dawid die werk doen, sit die kinders rondom Ma en nou vertel Annie die storie wat hulle van Boesman gehoor het. Angstig volg Ma nou ook die bewegings van Dawid en sij was dankbaar toe hij met die druipnat perde, waar die water nog van aftap op die duskantse wal uitkom.

MA. "En hoe gaan jij nou oorkant toe, Dawid ? Moenie soos Boesman maak nie."

DAWID. "Mij Nooi, laat staan maar vir Dawid. Dawid sal wag tot die water afgeloop is, mij Nooi. Vanaand is die water gesak en dan kan Dawid maklik deur kom, mij Nooi."

PA. "Maar jij is 'n flukse jong. Dê, hier is 'n stukkie tabak en 'n shilling vir jou."

DAWID. "Baie dankie, mij Baas. Ek hoop, die Baas sal nou goed bij die huis kom. Middag mij Nooi, Middag mij klein Basies, middag mij klein Nooi ! "

## LES 32.

## SLIM JAAP.

DIESELFDE aand, toe hulle op die plaas gekom het, wil Jaap tog al sij skatte aan Gert wijs.

Daar het min reën geval op die plaas en daarom kon hulle mooi rondgaan. Gert was gewillig om alles te sien. Dit lijk vir hom glad anders hier as in Bloemfontein. En hij moet eerlik sê, dit lijk vir hom of die plaaslewe lekker is. Saam gaan hulle nou naar die kant van die spruit agter bij die kraal. Daar is 'n hoë wal en in daardie wal het Jaap sij speelgoed gebêre. Dit lijk snaaks vir Gert, maar hij blij stil.

JAAP. "Kijk hierso, hier is mij waenhuis."

Die waenhuis is in die stijl kant van die wal diep in die grond uitgegrawe, sodat dit lijk soos 'n spelonk in 'n berg. Die water van die spruit kom nooit so hoog nie, en omdat dit onder die grond is, blij alles daar mooi droog. Daar het Jaap sij ossewa ingesit. Dis regte slim van hom, so goed as hij dit uitgedink het. Jaap moet sij hele arm daarin steek, om bij die wa te kan kom. Dit is 'n kakebeen van 'n bees. Regtig 'n mooi wa. Maar Jaap het nog meer. Naasaan is die stal, ook in die wal uitgegrawe. Of eintlik is daar wel vier stalle, want hij het so baie osse en perde, dat een nie genoeg sou gewees het nie.

Elke maal verdwijn die arm van Jaap in die stal en elke keer kom daar 'n os uit te voorskijn, tot eindelik 'n hele span van sestien osse voor Gert staan. Pragtige osse, vet en sterk. Daar

is opregte Afrikaners en ook Frieslanders. Kijk hoe mooi is hulle gekleurd.

GERT. "Maar hoe krij jij hulle so mooi gekleurd?"

JAAP. "Ja, jong, jij het gedink, julle is alleen in Bloemfontein slim, maar ons is ook!



Ek het rooiklei geneem en brakgrond en daarmee het ek hulle geverwe. Lijk hulle nie nooi nie!"

GERT. "Hulle is regtig baie mooi. Ek wens ek het sulke mooi osse gehad."

JAAP. "As jij wil, kan ons vir jou ook 'n span maak. Hier is mooi klei om osse mee te maak, en dan kan ons Koos vra om ons te help. Hij kan baie mooi kleigoed maak."